

Julie 2010

Geagte Kweker

SAPO TRUST KWEKERSNUUSBRIEF : JULIE 2010

SANAS AKKREDITASIE

SAPO Trust se Patologie Laboratorium is onlangs deur die "South African National Accreditation System" (SANAS) geëvalueer met betrekking tot laboratorium toetsprosedures en aktiwiteite. SANAS is 'n onafhanklike liggaam, wat die Suid-Afrikaanse regering erken as Nasionale Akkreditasie liggaam, om amptelike die bevoegdheid van laboratoriums te onderskryf. Die evaluasie is baie streng. Die SAPO laboratorium is bevind te voldoen aan die vereistes van ISO17025 en is sodanig geakkrediteer. SAPO kliënte kan verseker wees van kwaliteit dienste en akkuraatheid wanneer monsters na die laboratorium gestuur word.

LABORATORIUM TOETS STATISTIEKE

Die afgelope seisoen is kernmateriaal van tafeldruifvariëteite vir die eerste keer getoets vir die voorkoms van wingerd virus A (GVA) en Wingerd virus B (GVB) deur middel van toetstegnieke effektief vanaf 2010 soos deur die Suid-Afrikaanse Plantverbeteringskema vereis word. Die virusse is van ekonomiese belang binne die wingerdbedrywe oral in die wêreld. Geen GVA of GVB is in die wingerd kernmateriaal op Fleurbaix gevind nie.

Virustoetse is ook uitgevoer op steenvrugte en kernvrugte. Uitslae van toetse uitgevoer gedurende die vorige lente, is soos volg:

A. Steenvrugte

Virus	Aantal toetse	% positief
PNRSV	9,310	0.88
PDV	8,993	0.23
ACLSV	7,447	0.34
ApMV	7,400	0.01

B. Kernvrugte

Virus	Aantal toetse	% positief
ASGV	1,227	4.73
ACLSV	1,345	2.16
ApMv	677	1.33

C. Wingerd

Virus	Aantal toetse	% positief
GFLV	5,808	1.26

Chairman: GP Dall General Manager: Dr Phillip C Fourie

Beneficiaries: South African Apple & Pear Producers' Association; South African Stone Fruit Producers' Association; SA Table Grapes; Dried Fruit Technical Services; Canning Fruit Producers' Association

PNRSV = *Prunus necrotic ringspot virus/ Prunus nekrotiese ringvlek virus*
PDV = *Prune dwarf virus/Pruimedant verdwerg virus*
ApMV = *Apple mosaic virus/ Appel mosaïek virus*
ACLSV = *Apple chlorotic ringspot virus/ Blomappellynpatroonvirus*
ASGV = *Apple stem grooving virus/ Appel stamverpocking virus*
GFLV = *Grapevine fanleaf virus*

NUWE VARIËTEIT VRYSTELLINGS

Sunraycer is 'n nektarien wat sy oorsprong vanaf die Universiteit van Florida in die VSA het. Hierdie medium kouebehoefte variëteit se vruggrootte, vir die oestyd van die jaar, is goed en is onlangs aan die sagtevrugtebedryf vrygestel. Die bome is die derde week van Julie in 80% blom en die vrugte word in die tweede week van Desember geoes. Die geel vleis nektarien is 'n semi-taapit met 'n goeie eetkwaliteit en 'n totale oplosbare vastestofinhoud van 12° Brix. Vrugte het 'n aantreklike helder rooi oorkleur met 'n langwerpige vorm met 'n deursnee van 70 mm wat, soos reeds genoem, uitstekend is vir die tyd van die jaar. Koelopbergingsproewe deur Experico uitgevoer, het getoon dat die variëteit uitgevoer kan word sonder enige defekte. 'n Verdere voordeel van die variëteit is dat dit weerstandbiedend is teen bakteriese kanker.



Sunraycer vrug aan die boom



Sunraycer in karton

Die variëteit is vryelik beskikbaar vir alle belangstellende produsente en word deur SAPO Trust gekommersialiseer. Boomtantieme is eenmalig betaalbaar by die aankoop van die bome. Vir enige verdere navrae kan Rudi Vos (rudi@saplant.co.za) of Frederik Voigt (frederik@saplant.co.za) gekontak word.

GUARDIAN® STEENVRUG ONDERSTAM SE VERMEERDERING OP KOERS

Guardian®, 'n ringaalwurm verdraagsame steenvrug onderstam van Clemson Universiteit, VSA, is gedurende 2009 uit kwarantyn vrygestel. Ogies is op bestaande Flordaguard onderstamme oorgewerk vir vestiging in grondves- en moederblokke vir toekomstige saad voorsiening. Die komende winter word ongeveer 1,200 plante gevestig en 'n verdere 4,000 plante word vir volgende winter beplan. Aangesien Guardian® 'n medium tot 'n hoë kouebehoefte het, sal van die moederblokke vir saad produksie in koeler areas gevestig word.

AKKREDITASIE VAN KWEKERS

Volgens elke kwekery se huidige SAPO kontrak moet elke kwekery teen **Desember 2010** ten minste GLOBAL GAP akkreditasie bekom het. Hierdie klousule is nou hersien en 'n nuwe akkreditasie kontrolelys is opgestel waaraan alle kwekerye moet voldoen.

Elke kwekery moet vanaf **31 Mei 2011** sodanige geouditeerde kontrolelys jaarliks op hierdie datum aan **SAPO Trust: Besigheidseenheidsbestuurder Patologie en Registrasie** verskaf. Elke kwekery moet self jaarliks BG-Inspeksiedienste kontrakteer om hierdie ouditering voor die sperdatum van **31 Mei** af te handel.

Enige navrae kan aan Ferdi van Zyl by SAPO Trust gerig word.

TANTIEME EN HEFFINGS

Neem ook asseblief kennis dat daar wel tantieme op inboetbome/stokke betaalbaar is en dat SAPO Trust eers na **sukcesvolle vertoë** deur produsent en met goedkeuring van eienaar kwytgeskeld kan word. Indien u bome/stokke van ander kwekers aankoop, moet u die tantieme en heffings **aan daardie kwekerye oorbetal** en in u opgawes aan SAPO Trust aandui. Neem ook kennis dat tantieme/heffing opgawe van bome/stokke verkoop die afgelope 12 maande teen **30 September** ingehandig moet wees.

HERINNERING AAN BELANGRIKE KLOUSULES UIT BESTAANDE KONTRAK / KONTRAKBREUK

Let asseblief op na die volgende Klousules in u huidige kontrak met SAPO Trust en neem die nodige stappe betyds:

- Klousule 3.2.1 Die KWEKER sal **jaarliks** die wingerdstokke en bome, voor uithaal en verhandeling, aanbied vir inspeksie aan die inspekteur, wat 'n volledige opgawe **voor of op 15 September** by die **SPV** moet indien (wingerdstokke/bome sal insluit alle gesertifiseerde, kandidaat en **ongesertifiseerde** wingerdstokke/bome);
- Klousule 3.2.3 wat stipuleer dat die **KWEKER** sal na ontvangs van ogies/ente vanaf **SAPO TRUST** 'n opgawe, wat die getal ogies/ente gebruik deur die **KWEKER** vir die maak van bome/wingerdstokke, vir kontrole en sertifiseringsdoeleindes, **jaarliks voor of op** die ondergenoemde datums aan **SAPO TRUST** verskaf:
 - 3.2.3.1 **Boomentgetalle gebruik gedurende winter: 15 Oktober;**
 - 3.2.3.2 **Wingerdstokentgetalle gebruik: 15 Oktober**
- Klousule 3.3.1 van u kontrak wat stipuleer dat u **jaarliks teen 15 Julie** aan SAPO Trust moet bewys dat u by SPV/WVV geregistreer is.
- Klousule 3.3.8 van u kontrak wat stipuleer dat indien die **KWEKER** gepatenteerde plantmateriaal, soos uitgereik deur **SAPO TRUST**, wil uitruil met ander kwekers, moet **SAPO TRUST** van sodanige uitruiling in kennis gestel word.

BESTELLINGS VAN GEKONTRAKTEERDE BOME

Gekontrakteerde kwekers moet soos uiteengesit in hul kwekerskontrak, bome/stokke eers aanbied vir inspeksie aan inspekteurs van Plant SA, voordat bome/stokke deur SAPO Trust verhandel kan word. Slegs nadat die volgende administratiewe reëlings in plek is, sal SAPO Trust **skriftelike goedkeuring** aan kwekers verleen vir uitreiking van bome/stokke aan produsente:

- a) Kontrakte deur produsente onderteken is,
- b) Produsente 'n rekening by SAPO Trust het. Indien nie, moet bome kontant betaal word voor afhaal of 'n kredietansoek kan voltooi word om bome op krediet aan te koop.

Slegs as die voorwaardes nagekom word, sal SAPO gekontrakteerde bome van kwekers betaal.

Indien **ekstra** bome/stokke per variëteit, wat deur SAPO Trust by 'n kwekery bestel is, gemaak word, kan hierdie bome/stokke slegs met vooraf toestemming van SAPO Trust deur kwekerye verhandel word.

BELANRIKE INLIGTING OOR ARC Pear 1 (CHEEKY™) PEER

Die volgende belangrike inligting word onder die aandag van kwekers en produsente gebring:

1. **Dit wil voorkom of ARC Pear 1 (Cheeky™) baie gevoelig is vir Bakteriese Blaasvlek.**
2. Bakteriese blaasvlek ("Bacterial Blister Bark") by pere is geassosieer met *Pseudomonas syringae* pv. *syringae*.
3. **Volgens kundiges is die simptome net oppervlakkig** en kom geensins in die vaatbundels van plante voor nie.
4. Simptome vertoon as **bruin blasies/sponsagtige weefsel op die stam van een-jaar-oue hout.**
5. Die bakteriese siekte penetreer gewoonlik daar waar 'n wond/skade voorkom. Ook op blombodem tydens rypskade en word geassosieer met gunstige klimaatsomstandighede.
6. Kom gewoonlik wyd verspreid voor soos byvoorbeeld op onkruid in boorde.
7. Kom by peer en appel bome voor wanneer bome in stremming verkeer.
8. Sommige rooi appel en peer variëteite is veral vatbaar vir die siekte, soos byvoorbeeld Topred, Starkrimson, Red Chief, Smoothee en Forelle.
9. **Kundiges beskryf dit as 'n swak patogeen, gewoonlik teenwoordig as 'n sekondêre infeksie.**
10. **Gewoonlik ontgroeï ouer bome die Blaasvlek simptome.**
11. Volgens kenners is daar nie werklik chemiese beheermaatreëls teen Blaasvlek nie, maar word aanbeveel dat bome met 'n mengsel van Dithane M45 en 'n kwaternêre ammonium steriliseermiddel (150g Dithane + 100 ml kwaternêre ammonium verbinding) in 100 liter water behandel word deur die mengsel te spuit tot afloop elke 7-10 dae totdat simptome begin verdwyn. Maak net seker dat alle werktuie soos snoeiskêre ook deeglik met die kwaternêre steriliseermiddel ontsmet word voor gebruik.
12. Daar word ook sterk aanbeveel dat die weerstand van die ARC Pear 1 (Cheeky™) bome verder versterk kan word (*nadat die inokulum druk van die Blaasvlek simptome verminder is deur die Dithane M45 en 'n kwaternêre ammonium steriliseermiddel wat hierbo beskryf is*). Dit kan gedoen word deur die Cheeky™ bome later in die groeiseisoen te bespuit met, byvoorbeeld, **Croplife van Biorev/Alexin van UAP wat sistemiese weerstand van plante teen siektes kan stimuleer.**
13. Die voorkoms van Blaasvlek besmettings in kwekerye by ARC Pear 1 (Cheeky™) was ongeveer 5% in die winter van 2008 en dit wil voorkom asof besmettings vanjaar aansienlik meer is.
14. Volgens die Sagtevrugteplantverbeteringskema van Suid-Afrika moet alle appel en peer bome visueel vry wees van Bakteriese Blaasvlek Simptome.
15. Die voorkeur onderstam keuse vir ARC Pear 1 (Cheeky™) bly kweper onderstam met 'n Beurde Hardy tussenstam waar grond tipes dit toelaat. Daar word tans groot uitdagings deur kwekers ondervind om tussenstam bome te kweek en tekorte word nog ondervind om kwaliteit bome te kweek. Koste van tussenstam bome sal ook aansienlik duurder wees as gewone bome. Indien ogies direk op kweper onderstam geokuleer word, word dit op eie risiko gedoen, aangesien daar nog nie genoeg evaluasie gedoen is om die entkombinasie aan te beveel nie. Bome wat op BP onderstamme aangeplant is, se blom formasie is geneig om swak te wees, maar met ringelering word ook goeie resultate verkry.

GENEVA® APPEL ONDERSTAMME

Die vermeerdering en vestiging van GENEVA® onderstamme vir die vestiging van aflêerblokke verloop tans nog volgens beplanning. Die minder groeikragtige seleksies soos G.222 en G.202 wat afkomstig is vanaf *in vitro* vermeerderings, is alreeds gevestig in aflêerblokke vir toekomstige voorsiening van aflêers en bome. Tans vermeerder die ander belowende seleksie naamlik G.228

ook baie goed deur weefselkultuur vermeerdering en sal ongeveer 8,000 plante binnekort gereed wees vir uitplant in aflêerblokke.

Daar word ook die komende winter 'n verdere statistiese onderstam proef van al die belowende seleksies aangeplant in die Ceres omgewing. 'n Semi-kommerisiële aanplanting op G.222 word saam met ander dwergende onderstamme geplant om meer inligting te kan bekom oor die belowende onderstam.



Rosy Glo bome op G.222



Rosy Glo bome op G.222



Rosy Glo bome op G.778

Four new GENEVA® rootstocks were recently released by the Cornell University, New York, USA. Dr Gennaro Fazio, the USDA Agricultural Research Service plant breeder who has headed the program in Geneva, New York since 2001, described the new rootstocks as follows: The new rootstock G.214 is in the M9 Pajam2 vigour class and it is precocious, resistant to fire blight, crown rot and woolly apple aphid. It propagates well in stool beds. The three more vigorous new rootstocks, in the size class between M7 and MM106, are G.890, G.969 and G.210. All the rootstocks have yield efficiency similar to or better than M9. It also has resistance to woolly apple aphid, fire blight, crown rot and tolerance to apple replant disease. They also root well in the stool beds, according to Dr Fazio. SAPO Trust is currently in the process to import 2,000 *in vitro* plants of G.214, G.890 and G.969 from the Cornell University.

KLAGTES

Enige kwaliteitsprobleme of foutiewe administratiewe prosesse wat kwekers op plantmateriaal ontvang van SAPO Trust, ondervind, moet **binne 14 dae en na ontvangs of waarneming** deur kwekers **skriftelik** by Hoofbestuurder: SAPO Trust aangemeld word. E-posse is ook welkom by phillip@saplant.co.za.